ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 73 Nr. 1

1ste Kwartaal, 2025

75
2024

Die Bybelse samelewingsorde word deur die verskynsel van ‘Wokeism’ uitgedaag

IN DIE SKRIFLIG

MET GOD IN CHRISTUS VERSOEN

Efesiërs 1:1-6

Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. – 1 Joh.4:10

Uit hierdie woorde is dit duidelik dat God bepaal het dat Christus ons moet versoen. Hy het dit gedoen sodat niks in die weg van sy liefde vir ons sou staan nie. En groot gewig het die woord versoening: God was, terwyl Hy ons liefgehad het, terselfdertyd op onuitspreeklike wyse toornig op ons, totdat Hy in Christus versoen is.

Daarop het al hierdie woorde betrekking: “Hy is die versoening vir ons sondes (1 Joh. 2:2); so ook: God het besluit om deur Christus alles met Homself te versoen, nadat Hy deur Hom vrede herstel het deur die bloed van sy kruis, ensovoorts (Kol. 1:19, 20). So ook: “God het die wêreld met Homself versoen deur die mense hul oortredinge nie toe te reken nie” (2 Kor. 5:19). Ook: “Hy het ons begenadig in die Geliefde” (Ef. 1:6). En: “Sodat Hy albei met God kon versoen en tot een liggaam kon verenig deur die kruis” (Ef. 2:16).

De rede vir dié verborgenheid moet in die eerste hoofstuk van die brief aan die Efesiërs gevind word. Daar leer Paulus ons dat ons in Christus uitverkies is. Hy voeg daaraan toe dat ons ook in Hom genade verkry het. Hoe het God begin om diegene wat Hy vóór die grondlegging van die wêreld liefgehad het, met sy guns te omhels. Alleen deurdat Hy sy liefde betoon het toe Hy versoen is deur die bloed van Christus. Want omdat God die bron van alle geregtigheid is, het die mens, solank as hy sondaar is, Hom noodwendig as vyand en regter. Daarom is die beginsel van die liefde geregtigheid, soos dit deur Paulus beskryf word (2 Kor. 5:21): “Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.”

Inst. II, 17, 2 9

Gebed: Ons Vader, watter oorweldigende liefde dat U u Seun vir ons gegee het!

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig	bl 2
Die term ‘Wokeism’	bl 3
Ons Christelike beskouing op die samelewing	bl 4
Die filosofiese wortels van ‘Wokeism’	bl 6
Die Bybelse Verbondsleer	bl 8
Die kultuur van Afrikanerwees	bl 10
Konferensie oor ‘Wokeism’	bl 11
Bydrae oor die vestiging van CNO in die ZAR	bl 12
Verklaring VCHO Ter Ondersteuning Van TLU SA Se Handves Vir Die Beskerming Van Privaat Eiendomsreg	bl. 16
Finansiële bydraes aan VCHO	bl. 16
Nuwe navorsingspublikasie wek groot belangstelling	bl. 17
Magtiging t.o.v. Aftrekorder	bl. 18
Bekendstelling van Aros	bl. 19
Konferensie oor ‘Wokeism’: Program	Bl. 20

Die term ‘Wokeism’

Hugo Hayes

Die term ‘Wokeism’ is van die woord ‘woke’ afgelei, wat beteken dat iemand opgeskerp word tot bewustheid. In die oorspronklike betekenis daarvan was dit ’n bewustheid van politieke en sosiale kwessies, in besonder dié oor ras en politiek. Mettertyd het die betekenis daarvan meer uitgebreid geraak. Tot dié mate dat dit oor ’n breër spektrum van sosiale kwessies, soos geslagtelikheid, seksualiteit en omgewingskwessies, bewusmaking wil bevorder.

‘Wokeism’ word in die algemeen met linkse gesindhede en houdings in veral die VSA geassosieer. Dit maak daarop aanspraak dat sosiale ongeregtigheid en diskriminasie in die samelewing geopponeer en aktivisme daarteen opgevorder moet word. ‘Wokeism’ word ook gekenmerk aan onverdraagsaamheid teenoor die aantasting van spraak en geregtigheid. ‘Wokeism’ het vir die eerste keer in die 1930s bekend geword, toe dit deel uitgemaak het van die agenda van linkse Amerikaanse denke, veral t.o.v. sosiale verskynsels en die politiek. Tans verwys dit in hoofsaak na die “millennial generation” wat aktiewe gesprek oor sosiale kwessies wil radikaliseer.

‘Wokeism’ is uitgesproke teenoor enigiets wat na oordeel die burgerlike en sosiale vryheid van sekere groeperinge van die samelewing in die gedrang sou bring. Dit sluit onder meer in dat daar aktivisties opgetree word waar daar na hulle oordeel politieke onderdrukking en die miskenning van politieke regte gepleeg word. Hulle is veral op vryheid van spraak, vryheid van uitdrukking, stemreg en die reg tot onderwys ingestel, teen die agtergrond van ’n kultuur van menseregte as die primêre beweegrede. In die proses is dit opvallend dat die beweging veral op seksionele belange in die samelewing gefokus is. Dit word dan uitgebuit ten einde ’n bepaalde standpunt te maak.

‘Wokeism’ maak daarop aanspraak dat daar teen rasseonreg en -diskriminasie opgetree word en dat sosiale ongelykheid beveg word. Die miskenning van burgerlike regte is ’n wesenskwessie en daar word geaktiveer teen diskriminasie waar dit oor ’n spesifieke ras, kleur en etnisiteit gaan. Verder is die beweging ook skerp gefokus op geslagsgelykheid, wat onder meer inklusiwiteit propageer. Geslagsdiskriminasie in al sy vorme word teengestaan en die aandrang is op gelyke verteenwoordiging. Van die kwessies waarop in die onlangse verlede skerp gefokus is, is dié oor “black lives matter” en “me too” en daar word ’n veldtog gevoer teen wat gesien word as seksuele aanranding en teistering.

Wanneer daar egter op die diepere motiewe van ‘Wokeism’ ingegaan word, word gevind dat die beweging die bestaande orde wil radikaliseer. Die eerste wat dus oor ‘Wokeism’ gesê moet word, is dat dit teenoor die samelewingsorde opgestel is. ‘Wokeism’ is nie daarop ingestel om die bestaande orde te bestendig nie, maar sy eie revolusionêre oogmerke te bevorder. Dit kom met ’n geheel ander beskouing op die werklikheid, wat op radikale humanistiese oorwegings gegrond is. Die mens en sy regte staan in die middelpunt van hulle benadering.

‘Wokeism’ sluit baie nou aan by wat by die eertydse neokantianisme gevind word, nl. ’n uiterste idealisering van die menslike selfheid. By die Duitse filosoof Hegel het dit sover gegaan as dat die menslike gees in die werklikheid moet opgaan. Die menslike gees gee aan die werklikheid beslag; dus konstruksies n.a.v. wat die menslike selfbewussyn self daaraan gee. Die menslike gees word die versinnebeelding van die werklikheid, daarom tref ons by Hegel die konsepsie van die absolute gees aan. Die menslike gees word m.a.w. verabsoluteer en tot maatstaf van die konseptualisering van die werklikheid verhef. By ‘Wokeism’ tref ons dieselfde aan. Dit is daarop gerig om d.m.v. die selfbewussyn ’n konstruksie van die werklikheid tot stand te bring wat revolusionêr van aard is. Die beginsels wat vir ’n geordende samelewing geld, word omvergegooi en met humanistiese oorwegings verplaas. Die ongebreidelde menseregtekultuur van die 21ste eeu word met alle mag bevorder; een van die meganismes waarop die latere Duitse idealisme dit ook op beroep het. Dit is alles daaraan toe te skryf dat ons in ‘Wokeism’ met ’n radikalisering van die moderne bewussyn van die self te doen het, wat deur niemand teengestaan durf word nie. Dit is daarom ook nie vreemd nie dat, waar nodig, die beweging nie sal skroom om van magsmetodes gebruik te maak nie, ten einde sy doelstellings te bevorder. (Kyk ook die bydrae oor: “Die filosofiese wortels van ‘Wokeism’”.)

Ons Christelike beskouing op die samelewing

Die wysgerige analise van die menslike samelewing

Francois van Deventer

Die woord samelewing bestaan uit twee woorde nl. saam en lewe. Dus, wanneer ons praat oor samelewing gaan dit oor die *saamleef van mense in georganiseerde gemeenskappe met spesifieke wette en tradisies wat interaksie met mekaar beheer en wat gewoonlik onderskei word deur bepaalde kenmerke m.b.t. kultuur, struktuur en bevolking* (Woordeboek van die Afrikaanse Taal: Samelewing).

Wanneer ons die Bybel oopmaak dan sien ons dat God met individue sowel as samelewings werk. God praat persoonlik met Adam en Eva (Gen 3:9-19), Moses (Ex 3), Abraham (Gen 12), Jakob (Gen 32), Samuel (1 Sam 3, 15), Dawid (1 Kro 22:8), Salomo (1 Kon 6), Elia (1 Kon 19, 21), Jona (Jona 1), Petrus (Matt 14:29, Matt 16, 17, 18, 26, Joh 21), Paulus (Hand 9), Johannes (Openb 1) ens. God werk egter ook met groepe mense en ontken nie die groepsverband nie. God se straf op die sondeval en herstel deur Christus het die hele mensdom geraak (Gen 3, 1 Kor 15:20-23), so ook met hierdie voorbeelde waar God met groepe handel: Lev 26, Deut 28, Matt 28:19, Jesaja 19:21-25, Hand 16:15.

Hierdie teksgedeeltes beteken dan dat wanneer ons nadink oor die samelewing, dat God ook iets te sê het oor hoe die samelewing ingerig behoort te word.

Wat word met 'n beskaafde, gedifferensieerde samelewing bedoel?

As ons as die geskrifte lees van sommige historici wat ons voorgeslagte etiketteer as barbare, dan sou ons kon saamstem met hierdie historici dat ons voorouers barbare was:

> Barbare kan nie logies dink of doen nie. Teologiese geskille is vir hulle Grieks ... Barbare word gedryf deur bose geeste; besete met demone wat hulle dring om die verskriklikste dade te pleeg... onbekwaam om volgens geskrewe wette te lewe en onwillig toelaat dat konings hulle regeer ... Hulle lus vir goud is ontsaglik, hul liefde vir drank grensloos. Barbare is sonder perke... Alhoewel hulle oor die algemeen aantreklik lyk, het hulle aaklige persoonlike higiëne ... Hulle voortplantings energie is onuitputlik ... As 'n barbaarse volk teruggedryf of verwoes word, dan kom 'n ander een uit die Duitse moerasse en woude na vore ... (Herwig Wolfram, *The History of the Goths*, p 6-7).

Dieselfde kan gesê word oor die mensvreters van die Suid-see Eilande aan wie John Payton die evangelie gebring het. Na dekades se sendingwerk rapporteer hy (Payton:168):

> Die eerste spore van 'n nuwe sosiale orde het sigbaar geword. Al die inwoners, jonk en oud, het nou skool bygewoon! Diefstalle, rusies, misdade, is nou nie meer besleg deur die knuppel nie, maar deur boetes of lyfstraf, soos ooreengekom deur die hoofmanne en hul mense. Alles was vinnig en seker besig om "nuut" te word onder die invloed van die suurdeeg van Jesus. Nywerheid het toegeneem. Hutte en plantasies was veilig. Vroeër het elke man op reis al sy waardevolle besittings saam met hom gedra, nou is dit veilig, by die huis gelos. In heidense dae, daarenteen, sou broeihenne of 'n werpsel varke in sakke gedra word sodat hulle nie gesteel sou word nie. Daarom het ons by die kerk soms luidrugtige episodes gehad, die tjirp van kuikens, die gil van varkies en die geblaf van hondjies. Die een het vrolik op die ander gereageer terwyl ons gesing, of gebid het, of die Evangelie verkondig! … Die inboorlinge het hierdie chaos lastig en onaangenaam gevind. Hulle het 'n Algemene

> Vergadering belê, waarop oneerlikheid eenparig veroordeel en boetes ingestel is. Die hoofmanne het dit ongetwyfeld 'n lang en moeilike taak gevind, maar hulle het onder die inspirasie van die Evangelie volhard en die oorhand gekry. Selfs die beproewinge en moeilikhede waarmee hulle te kampe gehad het, is deur God gebruik, deur hulle te help om deur die lig van hul eie ervaring 'n eenvoudige kode van sosiale wette te vorm. Dit was geskik om die misdade wat daar heers te onderdruk, en om die deugde aan te moedig wat spesiaal nodig is, is gekweek. Heidense aanbidding is geleidelik uitgewis; en alhoewel niemand verplig was om kerk toe te kom nie, het elke persoon op Aniwa, sonder uitsondering, oor baie jare aanbidders van God geword.

Die kenmerke van 'n beskaafde samelewing is dan:

- Geskrewe wette wat objektief en maklik verstaanbaar is (Jordaan, 1992:49)
- Wetsgehoorsaam
- Geletterd
- Aanbidders van God

Wat word met gekwalifiseerde, onderskeidende strukture bedoel?

Die basiese gesagsvorme van die samelewing is (Jordaan, 1992:56-58):

- **Individu:** Verantwoordelik om selfregering te doen. Elke individu moet self stry teen die sonde in sy eie hart (Jakobus 1:2-27)

Verbande ("societal collectives"):

- **Gesin** (Jordaan 1992:24-27): Dit bestaan uit een biologiese man en een biologiese vrou. Hulle is verantwoordelik om hulle kinders in die vrese van die HERE groot te maak sodat hulle in harmonie met die samelewing kan saamleef. Die roede simboliseer die gesin se verantwoordelikheid. (Spreuke 23:13). Uit die gesin vloei voort stamme (Grieks: foolay), tale (glocesah), volke (lahos), etnisiteit (ethnos) soos uiteengesit in Openbaring 5:9. Hoffecker (verwys na die uiteensetting wat in die Ou Testament aan ons geopenbaar is as: gesin→familie→klan/stamgroep→stam→volk. Die gesin is die basiese boublok van die samelewing (Jordaan, 1992:24) en is verantwoordelik vir die opvoeding van die kinders (Jordaan, 1992:60-62).
- **Kerk** (Jordaan, 1992:44-47, 52-55): Die kerk is verantwoordelik vir die verkondiging van die evangelie (Matt 28). Die kerk is nie die gebou of die strukture nie, maar bestaan uit gelowiges en daarom is dit verantwoordelik vir die toepassing van die kerklike tug in die kerk. Die kerk se rol word gesimboliseer deur die sleutels van die koninkryk (Matt 16).
- **Staat** (Jordaan 1992:56-58): Die staat se rol is om onpartydige regspraak te lewer en om die lewe te beskerm (dit sluit doodstraf in). Hierdie verantwoordelikheid word gesimboliseer deur die swaard (Rom 13:3-4)

Daar kan ook ander verbande bestaan, maar bg. is die basiese. Verbande het 'n solidêre unitêre karakter (DFM Strauss:112).

Wat word met individualiteit teenoor universaliteit teenoor soewereiniteit in eie kring bedoel?

Daar is drie maniere hoe na die samelewing gekyk kan word nl. universalisme (holisme) teenoor individualisme (atomisme) teenoor soewereiniteit in eie kring of holon (Miller, 2018:216). Tradisionele Rooms-Katolieke en Animiste hou vas aan die universalistiese siening, terwyl sekulariste weer die individualisme ondersteun. Johannes Althusius het voorgestel dat meer genuanseerd gedink moet word oor universalisme vs individualisme en het sowereiniteit-in-eie-kring voorgestel (Strauss DFM : 2023)

Gereformeerde/Presbiteriaanse geleerdes (o.a. HG Stoker, MR Kreitzer, RJ Rushdooney, Darrow Miller) verduidelik hoekom daar 'n individualistiese sowel as 'n groepselement teenwoordig is in God se handelinge met mense. Hulle leer (vanuit die Skrif) dat die leerstelling van die Drie-enige-God die sentrale waarheid vorm van Christenskap. Die Geloofsbelydenisse (Athanasius, Nicea, 12 Artikels, Dordt, NGB, Heidelbergse Kategismus) bevestig ook die Drie-enige verstaan van wie God is – in die woorde van die geloofsbelydenis van Athanasius:

> Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die wese te deel.

Dit is die fondament vir enige teologiese nadenke wat elke gelowige se lewe en denke moet rig. Die Drie-eenheidsleer saam met die verligting van die Gees is die verklaringsleutel wat die Skrif vir ons oopsluit ook wanneer ons nadink oor die samelewing. Dit beteken dat in die Godheid is beide eenheid en veelheid (die Drie Persone) volmaak en perfek. Nie die een of die ander mag onderbeklemtoon word nie. Omdat God Homself aan ons openbaar deur die skepping, daarom beteken dit dat die eenheid en veelheid in die skepping (en herskepping) gebaseer is op die wese van God. Oor die verstaan van die universaliteit vs indiwidualiteit is Prof HG Stoker vir ons van hulp. Hy skryf:

> Die mens is nie net individu nie. Hy is ook nie net 'n sosiale wese nie. Hierdie beide waarhede (nl. Die mens is individu, en die mens is 'n sosiale wese) is halwe waarhede. Die volle menslike persoonlikheid is individueel en sosiaal, enkeling en verbandswese tegelyk. Elke atomistiese (individualistiese) opvatting van die mensheid asof dit uiteindelik net uit individue sou bestaan, en elke sosialistiese opvatting van die mensheid, asof die mensheid net uit een of ander menslike verband (hetsy kerk, of maatskappy, of volk, of staat. ens.) sou bestaan, is verkeerd. Die individu en die menslike verband, hoe skerp ook al onderskeibaar, is so intiem vervleg, dat hulle nie van mekaar isoleerbaar is nie. Onderskeiding en innerlike verbondenheid moet hier beide gehandhaaf word … Daar bestaan 'n verskeidenheid van selfstandige menslike verbande. Daar bestaan geen enkele menslike verband wat totalitêr die ander sou omvat nie. Nòg die kerk (soos Rome wil), nòg die maatskappy (soos die Liberalisme wil), nòg die werkersklas (soos die Kommunisme wil), nòg die staat (soos die Fascisme wil), nòg die volk (soos die Nasionaal-Sosialisme wil), is in hierdie opsig alomvattend. (*Die Stryd om die Ordes*, 1941, Stoker HG, p.224)

Darrow Miller vind beide Individualisme en Universalisme onbevredigend en verwys dan ook na die Drie-eenheid wat vir ons uitwys dat dit beide is. Die benaming wat hy uitwys vir die denkskool waar beide die een- en die veelheid erken word is *holon*, wat afgelei word uit die woorde *holos* (geheel) en on wat verwys na 'n *proton* wat die gedeelte beteken. Hy verduidelik

Vervolg op bl. 14

Die filosofiese wortels van ‘Wokeism’

Hugo Hayes

Hedendaags het ons met die verskynsel van ‘Wokeism’ te doen, wat veral vanuit die VSA, maar ook Europa, gedryf word. Die uitwerking daarvan is ook reeds merkbaar in Suid-Afrika. Dit het ’n vastrapplek in die geledere van die SA-regering verkry, deurdat daar toenemend by wyse van wetgewing aan die ‘Woke’-moraal beslag gegee word. Daar kan, bv., verwys word na een van vele uitlopers van ‘Wokeism’, naamlik die poging tot die opheffing van Godgegewe geslagtelikheid. Daarin toon dit reeds duidelik dat die ordeningsbeginsels vir die skepping ondergrawe en uitgedaag word. ‘Wokeism’ wil verder gaan deur ’n moraal wat sy oorsprong en ontstaan in die humanisme het, in die plek daarvan te stel.

Die vraag wat beantwoord moet word is: Wat sit agter die verskynsel van ‘Wokeism’, en voortspruitend: hoe behoort ’n regdenkende Christenmens daarteenoor te reageer? Wanneer ‘Wokeism’ aan ons voorgehou word as ’n bekritisering van gevestigde oortuigings in die samelewing, moet ons vra: waarom en op grond waarvan? Indien ‘Wokeism’ ’n beskouing oor geslagtelikheid huldig wat vir ons besef kontroversieel en anti-normatief is, kan Christene wat dit erns het met die Woord, dit nie maar net goedskiks en kritiekloos aanvaar nie. Wat sou die rede wees dat oortuigings op die werklikheid wat Bybelsbegrond is, openlik uitgedaag word, as sou dit uitgedien wees in die 21ste eeu? Die wesensvraag wat dus beantwoord moet word is of ‘Wokeism’ in ’n lewens- en wêreldbeskoulike sin teenoor die Christendom en sy gevestigde oortuigings te staan gekom het. As dit die bedoeling is dat ander oortuigings in die plek van ons Christelike werklikheidsbeskouing gestel wil word, wat sou die implikasies vir die samelewing, die gesin, die kerk, die onderwys ens. dan wees? Indien dit die geval is, dan sou daar vir die Christendom geen ander reaksie wees nie, as dat daar onomwonde standpunt teen ‘Wokeism’ ingeneem word.

Die verskynsel van ‘Wokeism’ het ’n veel breër aanslag op die tradisioneel Christelike samelewing, as wat moontlik vermoed mag word. ‘Wokeism’ gaan nie van ’n bepaalde vasstaande waarheid uit nie wat, soos in die geval van die Christendom, in ’n bron buite die menslike selfheid, naamlik die Woord van God, gesetel is. Veel eerder gaan dit van ’n ‘waarheid’ uit wat in die menslike bewussyn gevind word. In hierdie opsig lê die oorsprong van ‘Wokeism’ in bepaalde opsigte reeds sover terug in die filosofiese denke en geskiedenis as wat in die agtiende/negentiende eeu sy beslag gekry het. Dit gaan naamlik terug tot daardie tyd toe daar vanuit die Rennaisance twee filosofiese denkrigtings ontstaan het, te wete die Idealisme en die Romantiek. Dit was in reaksie op die tydperk voorafgaande, nl. dié waarin die wetenskapsideaal die botoon gevoer het. Hiervolgens was dit die beskouing dat die menslike bestaan deur die natuurwette bepaal word. Die mens sou aan die natuurwette gebonde wees tot dié mate dat menslike vryheid ongedaan gemaak word. Daaruit het die konsepsie van wat as ‘determinisme’ bekendstaan, posgevat.

Filosowe soos Immanuel Kant en andere na hom wat uit die denkrigting van die Idealisme kom, kon nie daarmee versoen dat die menslike bestaan deur

natuurwette gedetermineer word nie. Wat word dan uiteindelik van menslike vryheid en die mens se wilskeuses? Kant se oplossing was om die wetenskapsideaal met die persoonlike vryheidsideaal (ook persoonlikheidsideaal) te probeer versoen deur dit in sy *Kritiek van die suiwere rede* en *Kritiek van die praktiese rede* te beredeneer. Die plek van die menslike rede word daarin outonoom gestel. Kant behandel daarin die vir hom kritieke funksie van die rede in ’n transendente sin soos hy dit gesien het. Dit hou naamlik verband met die vraag hoe kennis van die werklikheid verkry word, uitgaande van die outonome rede.

In sy eersgenoemde werk sit Kant die voorwaardes vir hoe kennis van die werklikheid verkry word, uiteen. Kant ontken nie dat daar kennis bestaan wat van ’n noodsaaklike aard is nie, of wetenskappe waarin sodanige kennis onbetwisbaar aanwesig is nie. Sy argument is egter dat noodsaaklike kennis altyd apriories in die rede sy oorsprong het. Empiriese waarnemings waarborg nie objektiewe kennis nie maar die gekombineerde werking van sintuie en verstand verleen eers aan die ervaring ’n waarheidseienskap.

Die voormelde is Kant se vooronderstellinge vir die verkryging van kennis, waaruit hy konkludeer dat ware kennis eers ontstaan wanneer die realiteit aan ons gegee word, sodat voorstellings daarvan gevorm kan word. Die stof vir die kennis kom van buite tot ons deur persoonlike ervaring en word eers werklik kennis deur middel van waarneming. Die wending in die kenleer van Kant was dat die kennende bewussyn hom nie rig op die kenbare objek nie, maar dat die kenbare objek hom rig op die kennende bewussyn waar waarneming, verstand en rede tot die vorming van kennis aanleiding gee. Die eksterne werklikheid self is onkenbaar; slegs die indrukke wat dinge op die bewussyn laat, lei tot ware kennis. Die *Ding an sich* of buitewêreld is opsigself onkenbaar. Ware kennis begin by sintuiglike ervaring maar dit moet eers as indrukke van die beelde van ons waarneming daarvan deur die rede tot kennis verwerk word. Op hierdie wyse word die rede of verstand by Kant tot voorwaarde vir ware kennis verhef.

In sy tweedegenoemde werk handel Kant vervolgens met die leer van die vrye sedelike handeling, d.w.s die etiese. Dit word as die swaartepunt van Kant se wysgerige konsepsie beskou. Hier word die resultaat van Kant se self-erkende strewe om die terrein van die wetenskap te beperk, aangetref. Dit is met die oog daarop om ruimte te laat vir die geloof. Hierdie geloof moet egter nie in Skriftuurlike sin verstaan word nie, maar as blote moralistiese geloof. Kant ondersoek naamlik die algemene en noodsaaklike voorwaardes vir ons sedelike handelinge. Dit is dus 'n ondersoek van bonatuurlike aard. Waar die mens noodsaaklikerwys onderworpe is aan die voorwaardes vir kennis (soos aangetoon), is menslike sedelike handelinge nie gebonde nie en word dit in vryheid verrig. Die vooronderstellinge vir die sedelike neem die vorm van 'n norm aan. Dit is m.a.w. die reëls vir wat behoort te wees. Die oorsaak vir die sedelike is die sinnelike neigings by die mens, maar wat in 'vryheid' tot sedelik-normatiewe optrede gevorm moet word deur die aanwending van die praktiese rede. Die praktyk-gerigte rede is in hierdie opsig outonoom, deur die stel van sy eie gebod, waarvolgens menslike handelinge gerig moet word. Kant poneer in hierdie opsig wat bekend geword het as sy kategoriese imperatief, wat vir alle mense onder alle omstandighede moet geld, naamlik dat die mens so sal handel dat sy optredes die universele wet vir alle redelike wesens kan wees. 'Goed' en 'kwaad' word op hierdie wyse vir Kant volkome verklaarbaar.

Deur sy kritiek op die suiwere en praktiese rede het Kant na sy filosofiese oordeel die menslike bestaan weer bevry van die gebondenheid aan die natuurwette en poog so om die wetenskapsideaal met die persoonlikheidsideaal te versoen. Kant se filosofiese konsepsie het egter tot gevolg gehad dat die destydse beskouing op die werklikheid 'n onhoudbare dialektiek tot gevolg gehad het. Die werklikheid van natuur enersyds en normatiewe vryheid andersyds het só teenoor mekaar te staan gekom dat dit 'n spanning tussen natuur en vryheid teweeggebring het.

Kant se filosofiese beskouing oor die praktiese rede het die deur oopgemaak vir die opkoms van wat bekendstaan as die Idealisme in veral Duitsland. Dit het neerslag gevind in die Duitse kultuur, o.m. sover dit die kuns, letterkunde en musiek betref.

Kant se beskouing oor die praktiese rede het behels dat daar aan die hart en gewete 'n plek gegee is, apart van die suiwere rede. Wat die praktiese rede betref, is die mens wel aan 'n absolute wet/ideale norme gebonde, maar dit is in die menslike natuur begrond. Absolute geldigheid van plig word by Kant die grondslag van die sedelike. In die praktyk het dit beteken dat moraal, religie en teologie as versinsels van die menslike rede na vore kom. Dit is nie die transendente wet van God wat geld en waaraan die mens subjektief gebonde is nie. Die verstand as sodanig word die maatstaf vir moraliteit en dit het weer 'n uitwerking op die religie en die teologie gehad. Kant was van oordeel dat God nie nodig was vir die verklaring van die oorsprong, grond en wese van ons pligsbesef en van die sedewet nie. Daardeur het hy die ou orde omgekeer: moraal is nie op die religie nie, maar religie en teologie op die moraal gegrondves. Kant het die mens outonoom tot eie wetgewer gemaak. Deur sy "praktische Vernunft" bring hy die sedelike orde tot stand.

Die Duitse filosowe Fichte, Schelling en Hegel het onder andere op hierdie kantiaanse patroon voortborduur. Verskeie denkskole wat by Kant se postulate aangesluit het, was daarop gerig om die sogenaamde gekende werklikheid voort te bring. Vir hulle was dit die wetenskaplike metode wat die werklikheid konstrueer. Deur toepassing van verskillende metodes kry 'n mens dus ook verskillende werklikhede, elk met die implikasies daaraan verbonde.

Terwyl by Kant en die neo-kantianisme nog die fenomenale wêreld voortgebring word, met die ware werklikheid wat 'n onbekende grootheid bly, is dit by Hegel anders. Hegel bring die Ding-an-sich in die gees self voort. Vir hom is die gees 'n transendente grootheid; die werklikheid word die self-ontplooiing van die menslike

Vervolg op bl. 11

Die Bybelse Verbondsleer

Dr Adi Schlebusch

Inleiding

Die verbond is sentraal tot God se verhouding met sy skepping en met die mens in die besonder. Dat menslike bestaan as skeppingsrealiteit as sodanig verbondmatig van aard is, word regdeur die Bybel veronderstel. God sluit 'n verbond met die eerste mens, Adam, en regdeur die Skrif sien ons hoe die Here verbondsmatig met die mens handel en hoe die beloftes van die verbond vervulling vind in Christus se verlossingswerk en sy heerskappy oor die skepping. Die mens bestaan nie as losstaande individu nie. Reeds aan die begin van die heilsgeskiedenis word die individualisme pertinent afgewys as iets wat nie goed is vir die mens nie (Gen. 2:18). God beskik in sy voorsienigheid dit so dat ons as mense hierdie wêreld in die eerste plek betree as deel van 'n bepaalde gesin en familie. Vandaar kring ons identiteit verder uit, en word ons lewe gevorm deur ons lidmaatskap aan 'n bepaalde gemeente, gemeenskap of woonbuurt, en volk. Al hierdie verbande is in wese verbondsmatig van aard, aangesien dit Godgegewe verbande is wat deur die Here in sy voorsienigheid daargestel is met 'n heilige doel voor oë, naamlik die diens en uitbreiding van sy Koninkryk. In die Skrif openbaar God Homself by uitstek as die Verbondsgod.

Verbond en Verlossing

Die Drie-enige God se werk as Skepper en sy werk as Verlosser is verbondsmatig belyn. Reeds in die ewigheid het die Drie-enige God, die Vader, Seun, en Heilige Gees 'n onderlinge verbond met mekaar gesluit as die drie Persone van die Drie-eenheid, waarvolgens hul die verlossing van die uitverkorenes voorbeskik het. Ons lees van hierdie verbond, in die teologie bekend as die Pactum Salutis oftewel Verlossingsverbond, in Sagaria 6:13. Jesus Christus verlos nie net die siel as 'n geestelike entiteit nie, maar ook die menslike liggaam. Daarom bely ons dan ook in die Apostoliese Geloofsbelydenis die Bybelse leer van die opstanding van die vlees. Die Verlossingswerk van Christus het verder ook kosmiese implikasies vir elke aspek van die skepping. Die Gereformeerde toeloog Herman Bavinck (1914:115-116) beskryf hierdie wesenlike realiteit soos volg:

> God verwezenlijk zijn genadeverbond niet, door eenige mensen uit de menschheid uit te lezen en dan buiten de wereld om saam te voegen; maar Hij draagt het in de menscheid in, maakt het tot een bestanddeel der wereld, en zorgt nu, dat het in de wereld bewaard blijve van den booze. Als Herschepper wandelt Hij in het spoor, dat Hij als Schepper, Onderhouder en Regeerder aller dingen getrokken heeft. De genade is iets anders en hoogers dan de natuur, maar zij sluit zich toch bij de natuur aan, en vernietigt ze niet doch hersteld ze. Zij is geen erfgoed, dat krachtens natuurlijke geboorte overgaat, maar ze stroomt toch voort in de bedding, welke in de natuurlijke verhoudingen van het menselijk geslacht in uitgegraven. Het verbond der genade springt nie van den hak op den tak, maar zet in die familiën, geslachten en volken op eene historische en organische wijze zich voort.

Bavinck wys dus uit dat die verlossingswerk van God verbondsmatig binne die raamwerk van sy Skeppingsorde geskied. Die Calvinisme skei nie natuur en genade soos wat die Rooms-Katolisisme doen nie, God se heerskappy strek oor elke aspek van die geskape werklikheid

(Rom. 11:33-36). God tree dus as Skepper en as Verlosser, as Verbondsgod op. Dit is dan ook treffend om in hierdie verband daarop te let dat die groot opdrag om die evangelie te versprei gepaard gaan met 'n uitstuur na die volke of nasies (Matt. 28:19) eerder as bloot 'n uitstuur na individue. In Christus red God dus nie net individuele siele nie; Hy red gesinne, families, stede, en volke.

Verbond en die Samelewing

Die Gereformeerde politieke filosoof Johannes Althusius skryf in sy magnum opus, Politica, dat die hele sosiale orde van die mens saamgestel word uit verbondseenhede, waarvan die gesin of familie primêr is (Althusius, 1610:715). Waar die liberalisme en die Marxisme die individu wil isoleer van hierdie verbande, sodat net die kwesbare individu en die allesoorheersende staat oorbly, is daar in God se orde verskeie verbondstrukture wat as beskermings- en behoueringstrukture vir die mens dien. Naas die gesin of familie, kan ons hier byvoorbeeld dink aan die gemeente, die woonbuurt of dorp, en dan natuurlik die volk. In die Skrif sien ons dan ook hoe God volke as volke verlos en deel

maak van sy koninkryk (Psalm 22:28, Openb. 7:9, 7:15).

Die burgerlike werk wat die Here deur Moses in Israel gedoen het, moet dan ook gesien word in die lig van die verbond wat God met die volk gesluit het soos opgesluit in sy belofte van verlossing (Eksodus 6:5-6a):

> Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is die HERE, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek die HERE julle God is.

God bind hom aan die volk Israel by wyse van sy verbond, en die verantwoordelikheid rus dan op die volk om aan God die eer en erkenning daarvoor te gee. In die Nuwe Testament brei hierdie verbondsverantwoordelikhede uit na elke volk op aarde en word elke gekerstende volk, in wese 'n verbondsvolk. Die Hervormer Heinrich Bullinger het dan ook hierdie verbondsverantwoordelikheid van Eksodus 6:5-6a direk verbind tot die politieke lewe van 'n Christelike volk. Hy skryf in 1528 'n traktaat waarin God die Switserse volk in die eerste persoon aanspreek:

> In al julle oorloë en stryd was Ek jul God. Ek het vir julle geveg, Ek het julle beskerm ... Ek sal julle God wees net soos toe, en julle sal my volk wees ... Versaak julle weë en dien My met geloof, liefde en onskuld ... As julle afvallig word, as julle nie die goeie beskerm en die kwade bestraf nie, as julle nie julle oorloë en sondes los en 'n Christelike regering daarstel nie, sal Ek julle straf soos ek Israel en Juda gestraf het. (Bullinger, 1528:7, 52)

Hiermee stel Bullinger sy eie volk verbondsmatig op een lyn met die Israel van die Ou Testament. Sy beskouing van die Switserse volk as 'n verbondsvolk word nie alleen by wyse van vergelyking met Israel nie, maar veral deur sy hermeneutiese gebruik van verbondstekste soos Eksodus 6:5-6a en Deuteronomium 28 beklemtoon.

Verbondseën en vloek is dus die lot van elke volk, afhangende van watter verhouding sodanige volk inneem ten opsigte van die gesag van die lewende God. So sien ons dat God ook vandag nog met elke volk en samelewing verbondsmatig te werk gaan.

Gevolgtrekking

Die Bybelse verbondsleer beklemtoon hoe God sy verhouding met die mens en die skepping verordineer en bestier, en hoe die verbond sentraal staan in sy verlossingsplan. Deur die Skrif sien ons hoe God, as Skepper en Verlosser, as Verbondsgod optree, en nie net individue nie, maar ook gesinne, gemeenskappe en volke red en insluit in sy koninkryk. Hierdie verbondsmatige raamwerk vorm die grondslag van die mens se identiteit en sosiale orde, van die gesin tot die breër samelewing, en dit word deur God se voorsienigheid en verlossing deel gemaak van die koms van sy koninkryk op aarde. Christus se verlossingswerk herstel en vervolmaak hierdie skeppingsorde deur die vloei van genade binne die raamwerk van die natuur en die geskiedenis.

Die implikasies van die verbondsleer raak die hele samelewing en elke aspek daarvan. Verbondsmatig beskou vorm sosiale verbande — gesinne, gemeentes, en volke —beskermingsmeganismes wat God in sy voorsienigheid met 'n bepaalde heilshistoriese doel daargestel het. Hierdie struktuur dien om sy heerskappy oor die skepping sigbaar te maak. Die historiese verbintenis van die Bybelse Israel aan God se verbond dien as 'n model vir alle volke en hulle politieke verantwoordelikhede. God vereis gehoorsaamheid en 'n regverdige optrede van sy volk, met beloftes van seën vir gehoorsaamheid en waarskuwings van tugtiging vir afvalligheid. Op hierdie wyse roep die Verbondsgod ook by wyse van sy voorsienigheid die mens en volke op om hul lewens in lyn te bring met sy insettinge en verordeninge.

Doel van die VCHO

Die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap.

Missie van die VCHO

Om, deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk.

Grondslag van die VCHO

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

Die kultuur van Afrikanerwees

Jaco Cilliers, Transvaalse Landbou-unie

Kultuur is ’n klein woordjie wat algemeen gebruik word in skole om gewoonlik die aktiwiteite te beskryf wat nie onder die tema van sport geklassifiseer kan word nie. Dus skep dit ’n baie beperkte begrip van die woord by ons mense van ’n baie jong ouderdom af. Kultuur is egter een van die mees omvangryke begrippe in die Afrikaanse taal. In hierdie artikel delf die leser dieper om die ware betekenis van die woord te ontdek.

Kultuur dui nie net op sekere aktiwiteite waaraan ’n mens kan deelneem nie. Dit is die somtotaal van die mens se handelinge. Dit sluit alles van jou menswees in en is ook die bepalende element van die mens se identiteit. Dit sluit nie net jou handelinge in nie, maar spreek ook tot die motivering en wyse van jou handelinge. Vir die Christen beteken dit dat hy vanuit die Woord juis ’n kultuuropdrag gekry het om hom te rig na al sy handelinge volgens God se verordeninge. Kultuur sluit jou geskiedenis, taal, geloof, eetgewoontes, kleredrag, moraliteit, opvoeding, opleiding en wêreldbeskouiing in. Daarom is dit belangrik om aan elke element van hierdie lotsbepalende deel van jou bestaan aandag te gee.

Ongelukkig word kultuur en kulturele aktiwiteite vandag gesien as ’n luuksheid wat ’n mens slegs kan beoefen wanneer jy in die vyfde vlak van Maslow se hierargie van behoeftes val. Dit wil sê nadat jy aan jou mees basiese behoeftes soos voeding en skuiling, dan aan veiligheid en sekuriteit, jou behoefte aan liefde en ’n gevoel van verborgenheid, en ’n behoefte aan erkenning, respek en status voldoen het, slegs dan kan jy jou bemoei met ’n luuksheid soos kultuur. Die geskiedenis bewys hierdie redenasie egter verkeerd vir die wat hulle geskiedenis nog goed genoeg ken.

Die Afrikaner se verlede is besaai met ’n rykdom van kulturele aktiwiteite en inisiatiewe wat verrykende gevolge oor dekades heen gehad het. Meeste van hierdie inisiatiewe is nie gebore in ’n tyd van oorvloed of selfverwesenlikking nie, maar juis in ’n tyd toe die mense nie aan hulle mees basiese behoeftes kon voldoen nie. Op die beginsels van samewerking, eenheid in Christenskap en die pligsbesef dat daar voedsel en vesel aan ’n land se mense voorsien moet word, word die destydse Transvaalse Landbou Unie, vandag bekend as TLU SA in 1897 gestig.

Die jare na die afloop van die Anglo-Boere Oorlog is sekerlik van die donkerste tye in boere se geskiedenis. Boere het gebroke uit bannelingskap teruggekeer na afgebrande plase en vars kindergrafte. Vrouens het dikwels alleen teruggekeer plaas toe, sonder haar gesin wat deur die oorlog geeis is. Maar uit die ashoop van ’n verskroeide aarde word daar ’n nuwe samelewing gebou wat uiteindelik sorg dat die onafhanklikheid wat na die oorlog verloor is, teruggekry word in so ’n mate dat dit die hele Republiek van Suid-Afrika insluit.

In hierdie tyd word daar aan kommersiële aktiwiteite aandag gegee met die stigting van maatskappye soos Sanlam, Santam en Volkskasbank. Daar word ook kommunikasie middelle gestig in die vorm van koerante soos die Volksblad, maar buiten vir hierdie ekonomiese aktiwiteite word daar ook aan die kulturele elemente aandag gegee met die stigting van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) en die Afrikaanse Taal

en Kultuur Vereniging (ATKV). Die FAK se eerste taak is om die sentrale volksmonumente komitee saam te stel wat die doel het om uiting te gee aan Paul Kruger se wens van 16 Desember 1888 dat daar ’n monument gebou moet word om die grootsheid van die dade van die Voortrekkers te verewig in die volk se geheue. Later word organisasies soos die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) gestig om klem te lê daarop dat elke faset van die lewe aan die heerskappy van God-drieënig onderwerp moet wees, en om te sorg dat hierdie beginsel reeds op skoolvlak aan kinders oorgedra word. Ongelukkig het van hierdie organisasies mettertyd reeds hulle begronding verloor en ingekoop op die denkwyse van die nuwe Suid-Afrika.

Die 20ste eeu kan vandag gesien word as die goue jare van die Afrikaners waartydens hulle nie net ongekende verliese gely het, en die swaarste denkbare tye deurleef het nie, maar ook ’n tydperk waarin die volk sy eie veerkragtigheid ontdek het, en waartydens hy homself uit die verderf uit presteer het. Die rol van die opvoeder in hierdie tyd kan nie onderskat

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 7: **Die filosofiese wortels van 'Wokeism'**

gees. Die mens word opgeneem in die proses van die werklikheid en sy strewe moet steeds wees om 'n nog groter aandeel daaraan te verkry. Hegel se absolute gees is 'n konsekwente reaksie van die persoonlikheidsideaal teen die wetenskapsideaal, wat in die humanisme tot sy uiterste gevoer word.

Die kantiaanse prinsipe van menslike outonomie betreffende moraliteit en pligsbesef het spoedig neerslag gevind in die beweging wat in Duitsland as die Idealisme bekendstaan.

Kant se poging om 'n versoening tussen die werklikheid buite en binne die mens te bewerkstellig het besliste gevolge ingehou. Die redelike vermoë van die mens het daarin sentraal gestaan. Uitkringende gevolge daarvan was dat rasionalisme die instrument geword het aan die hand waarvan die sin van die werklikheid tot ontsluiting kom. Dit setel nie daarin dat die mens die sin daarvan moet ontsluit nie; die mens gee self sin daaraan. By die waarneming van 'n objek, bv., ontstaan daar 'n warboel van indrukke. Dit moet, volgens Kant, eers deur die rede georden word. Ordegewing word dus 'n saak wat immanent deur die mens se rede behartig word. Dit is m.a.w. aan die verstandsvermoë toegeskryf om orde aan die eksterne, bonatuurlike werklikheid te gee. Die mens word dus self tot wet- en singewer van die werklikheid gemaak deur middel van sy outonome rede.

Sodoende is 'n platvorm geskep waardeur die vermoëns van die rede tot die ekstreme geneem is. Dit het daartoe gelei dat geredeneer was dat die transendentale (bo-kosmiese) nie onafhanklik bestaan nie, maar 'n uitvloeisel is van die werkinge van die verstand. Dit het 'n oplewing van byna al die geesteswetenskappe tot gevolg gehad, in besonder die etiek, estetika en die teologie. Hierdie ontwikkelinge het die ontstaan van die 'transendentalisme' tot gevolg gehad. Daarvolgens is geredeneer dat, bv., die teologie 'n blote verlengstuk van die rasionele is. Die bydrae van Kant was gevolglik een wat aanleiding gegee het tot uitbreidende rasionalisme, wat implikasies vir die kultuur, politiek en die wetenskap ingehou het.

Kant se pogings tot versoening het daartoe gelei dat dit beskou was as dat die mens nie net die sin van die werklikheid projekteer nie, maar ook oor die vermoë sou beskik om 'n eie transendente werklikheid te skep. Daarin vind ons 'n oorbeklemtoning van veral die intuïtiewe en skeppende vermoëns van die mens. Die Idealisme het berus op die oordrewe skeppingsvermoë van die mens deur o.m. aan die intuïsie en verbeelding vrye teuels te gee. Ons bemerk dit in die skilderkuns. Daar vind ons 'n nivellering van die goddelike wetsorde waarbinne die menslike bestaan geplaas is. Dit word ook gevind in die anargistiese wyse waarop die werklikheid geïnterpreteer en geprojekteer word in die letterkunde, bv. Goethe se digkuns. Hierdie en ander verskynsels het veral in die werk van Duitse kunstenaars, letterkundiges en musikaliste en in die Duitse politiek neerslag gevind gedurende die 19de eeu, maar met destruktiewe gevolge vir die samelewing.

Konferensie oor 'Wokeism'

Tydens die Hoofbestuur se vergadering van 15 November 2024, is indringende bespreking gewy aan die wêreldwye verskynsel van wat as 'Wokeism' bekendstaan. Die verskynsel handel veral oor 'n benadering tot moraliteit, maar nie in Bybelse sin nie. Ongelukkig het die oortuigings soos deur 'Wokeism' gehuldig ook reeds in Suid-Afrika posgevat. Ons bemerk, bv., hoedat in die geledere van die ANC die uitgangspunte van 'Wokeism' algemene byval vind, tot dié mate dat daar 'n aandrang in daardie geledere bestaan dat dit ook in onder meer die onderwys sy beslag moet kry. Trouens die ANC maak geen geheim daarvan nie dat, bv., die averse standpunt in 'Wokeism' oor geslagtelikheid in Suid-Afrikaanse onderwys geïnkorporeer moet word.

Ons het hier in wese met 'n geheel ander moraliteit te doen, wat sy oorsprong in die humanisme het. Die klem is op die mens as sodanig en hou verband met 'n beskouing oor die mens wat nie met die Bybel versoen kan word nie. Dit behels dat vanuit 'n perspektief wat oorwegend mensgesentreerd is, na die samelewing gekyk word. Daar word glad nie met die Godgegewe orde vir die samelewing rekening gehou nie. Die gevolg is dat met 'n nuwe mensgeoriënteerde beskouing na die samelewing gekyk word. 'Wokeism' is daarop gefokus om verskeie kwessies in die samelewing wat as brandpunte gesien word, waar daar na hulle oordeel menseregteskendings gepleeg word, uit te sonder en dit te radikaliseer. Sommige van hierdie kwessies sluit in: geslagtelikheid;

Vervolg op bl. 14

Bydrae oor die vestiging van CNO in die ZAR

Hugo Hayes

Die vestiging van Christelik-nasionale onderwys of CNO

Onderwys het na die Groot Trek mettertyd in die Transvaal gevestig geraak. Die klem in hierdie bydrae is veral op die ontwikkeling wat in hierdie deurslaggewende tydperk plaasgevind het, wat 'n mens opval. Hierdie tydperk, nl. die 2de helfte van die 19de eeu, sou ook weer in twee periodes opgedeel word. Die eerste is die periode tot ongeveer 1877 onder pres. Burgers. Die tweede veral dié sedert 1880 tot met die aanbreek van die Anglo-Boereoorlog en wel onder pres. Kruger. Die ZAR het op 6 Januarie 1857 amptelik tot stand gekom.

Die bevordering en uitbouing van Christelik-nasionale onderwys (CNO) was gedurende daardie tydstadium van die ZAR se bestaan 'n prioriteit. Tydens die eerste fase het dit die aanneem van onderwyswetgewing behels, waarby pres. Burgers, ds SJ du Toit en dr N Mansvelt betrokke was. Die klem was op opvoedende onderwys, waar die burgers van die ZAR 'n baie spesifieke betekenis aan die begrip 'opvoedend' geheg het, wat op hulle Bybelse oortuiging gegrond was.

Volgens bronne was die onderwys in die ZAR in die beginstadium sterk onder invloed van die Kerk. Dit verwys dan na die Kerk van gereformeerde belydenis. Die onderwys was veral daarop gerig om jongmense vir belydenisaflegging gereed te kry.

'n Verskuiwing het met verloop van tyd plaasgevind, deurdat die Transvaalse regering toenemend inisiatief betreffende die onderwys geneem het. Wet 4 van 1874 was, bv., bekend as die Burgerswet en het o.m. soos volg bepaal:

- dat godsdienstige oortuigings eerbiedig moet word; en
- dat 'n superintendent van onderwys wat direk aan die Volksraad verantwoording doen, aangestel word.

Die Burgerswet het egter, volgens bronne, die burgers tot 'n groot mate van pres. Burgers vervreem. Daar was sekere bepalings wat vir hulle besef te 'neutraal' en selfs 'liberaal' was veral t.o.v. die godsdiens.

Dit kan veral daaraan toegeskryf word dat dié Wet onderwysbeheer verander het. Onderwysers is ondermeer verbied om iets te leer wat strydig sou wees met die opvattinge van andersdenkendes.

In 1877 vind die Engelse anneksasie van die Transvaal plaas. 'n Superintendent van onderwys is aangestel wat die neutrale en sekulêre idees van die Engelse regering moes bevorder.

Die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) bring egter 'n wending, deurdat die Transvaal die Engelse juk afgooi. Die Transvaal het weer 'n onafhanklike republiek geword. Ds SJ du Toit word in 1882 as superintendent van onderwys aangestel. Hy was iemand wat, volgens bronne, radikaal anders oor die onderwys gedink het.

Ds Du Toit het reeds vroeër aan die Kaap vir 'n stelsel van Christelik-nasionale onderwys gepropageer. Sy onderwysfilosofie het in onderwyswetgewing vergestalting gekry, veral met die promulgering van Wet 1 van 1882. Volgens gesaghebbende bronne het die CNO-gedagte deur hierdie Wet sy beslag gekry. Dit was verderaan in die ontwikkeling van onderwys in die Transvaal van kardinale en rigtinggewende betekenis. Belangrike bepalings van die Wet was:

- dat dit die verantwoordelikheid van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hulle kinders;
- dat die staat se aandeel beperk word tot 'n bydrae van finansiële steun;
- dat in alle regeringsondersteunde skole burgerlike onderwys aangebied sal word –
  - in 'n Christelike gees;
  - deur die opening en sluiting van die skooldag met gebed; en
  - deur die bestudering van Gods Woord en Bybelgeskiedenis tydens skoolure.
- konfessionele onderwys was aan die onderskeie kerke oorgelaat; en
- die voertaal sou Nederlands wees, die moedertaal van destyds.

Ons het reeds met ds SJ Du Toit kennis gemaak, met sy prominente rol in die totstandkoming van die Genootskap van Regte Afrikaners aan die Kaap in 1875. Dit kan aanvaar word dat ds Du Toit die sentimente van die GRA na sy beskouing oor die onderwys oorgedra het. Waarvan ondermeer die belang van volksverbondenheid met 'n eiesoortige kultuur, die bevordering van die Afrikaanse taal, asook patriotisme.

Al was ds Du Toit in bepaalde opsigte 'n omstrede persoon, is bronne dit redelik eens dat dit uit hierdie wetgewing, grootliks deur sy toedoen geïnisieer, blyk dat hy (ds Du Toit) as die grondlegger van formele, georganiseerde Christelik-nasionale onderwys in die Transvaal bestempel kan word. Die beweegredes hiervoor is veral in die volgende te vind, soos dit in die wetgewing vasgelê was:

- die vestiging van ouerverantwoordelikheid;
- die erkenning van die Christelik-religieuse grondmotief; oftewel die Christelike lewensbeskouing in die benadering tot die onderwys, en
- die bevestiging van moedertaalonderwys.

Hierdie beginsels het geblyk die primêre dryfvere van burgerlike onderwys in die Transvaal te gewees het.

Dr N Mansvelt het ds Du Toit in 1891 as superintendent van onderwys opgevolg. Hy sou voortbou op die algemene beginsels van die CNO soos deur ds Du Toit geïnisieer.

Onder dr Mansvelt word Wet 8 van 1892 uitgevaardig. Volgens bronne het hierdie Wet die praktiese uitvoering van die CNO-beginsels moontlik gemaak.

- Die beginsel van ouerverantwoordelikheid is gehandhaaf;
- die staat moes toesien dat die burgers die verlangde Protestants-Christelike opvoeding ontvang; en
- die onderwys in sy geheel moes in 'n Christelike gees aangebied word.

Net 'n opmerking oor hierdie laaste beginsel, nl onderwys in 'n Christelike gees. Ons moet hierin reeds die duidelike aanduidings sien van 'n beskouing dat die onderwys aan 'n bepaalde religie gebonde sou wees wat op die Skrif begrond moes word. Nie die neutrale en sekulêre beskouing wat vanuit Engeland op die Transvaalse burgery afgeforseer was nie, maar 'n beskouing dat die onderwys aan Bybelse beginsels onderwerp word, d.w.s. Christelik-normatief.

En hier tref ons ook die oorgang aan nl. dat alle onderwys in die Hollandse taal aangebied word. Die Hollands waarna verwys word, was nie meer die Nederlands wat vroeër aan die Kaap gepraat was nie, maar kan eerder as Afrikaans-Hollands bestempel word. Daar het reeds vroeër aan die Kaap en tydens vestiging in die binneland 'n taaloorgang plaasgevind, wat aan die begin van die 20ste eeu tot die erkenning van Afrikaans as 'n taal in eie reg gelei het. Dit het in 1925 gekulmineer in die amptelike erkenning van Afrikaans, waarvan ons hierdie jaar ook die 100-jarige bestaan herdenk.

Geskiedskrywers is van oordeel dat met hierdie Wet (Wet 8 van 1892) die prinsipiële grondslae van Christelik-nasionale onderwys uitgekristalliseer het. Ouerverantwoordelikheid, moedertaalonderrig en volksonderwys in 'n Christelike gees het duidelik sy beslag gekry. Die onderwys moes nie slegs Christelik van aard wees nie, maar moes ook 'n Protestantse karakter dra. Daarmee was die onderwys op skool onder die reformatoriese belydenisgrondslag gebring. Voorts is vaderlandse geskiedenis in die kurrikulum ingesluit.

Geskiedskrywers beskou dit as dat onder leiding van dr Mansvelt burgerlike onderwys in die Transvaal 'n bloeitydperk beleef het. Hy geniet die erkenning daarvoor dat hy die CNO-beginsels tot praktiese uitvoering gebring het.

Bydrae van die Transvaalse Onderwysvereniging

Die belangrike werk wat deur die Transvaalse Onderwysvereniging gedoen is, verdien ook vermelding in hierdie verband. Die TO het in Maart 1894 tot stand gekom. Met die strewe om God bo alles te dien en daarom ook sy volk.

Besondere beginsels waarvoor die TO gestaan het, is die volgende:

- Onderwys in staats- en staatsondersteunde skole moet 'n Christelike karakter dra.
- Die onderwys moet 'n breë nasionale karakter dra.
- Die ouergemeenskap moet 'n plek in die onderwysstelsel kry.
- Moedertaalonderwys is voorgestaan.

Tydens die tweede konferensie van die TO, waartydens die TO gestig is, het pres. Kruger ondermeer die openingsrede gelewer. Dit was op 27 Maart 1894. Pres. Kruger het hom soos volg uitgelaat: "We kunnen niet alleen de vrijheid willen liefhebben, zonder de taal en den Bijbel tevens te beminnen." Die CNO-beginsels nl. Skrifverbondenheid, volksverbondenheid, en die handhawing van die taal word duidelik in hierdie uitspraak herken.

Die TO het vir ongeveer 'n eeulank 'n betekenisvolle en vermeldenswaardige bydrae tot die bevordering van Christelik-volkseie onderwys gelewer. Hoogtepunte wat ondermeer vermeld moet word is die TO se inset t.o.v. die totstandkoming van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967). Die aanvaarding van hierdie Wet word bestempel as die "resultaat van jarelange ywer van die kant van Christen-Afrikanerouers en onderwysers. Ook die TO het hom vir die totstandkoming van hierdie wet beywer" (Anon, 1968:30).

Die TO se betrokkenheid word verder ook vermeld ten opsigte van belangrike volkskongresse oor die onderwys wat in 1969 en 1982 plaasgevind het, met belangrike besluite wat geneem was.

Tydens die 1982 volkskongres het ondermeer verslae en 'n tussentydse memorandum van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedien. Die TO het 'n besondere rol by die inisiëring, die aanbied van die kongres en die besluite wat tydens die kongres geneem was, vervul.

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 11: **Konferensie oor 'Wokeism'**

omgewingskwessies en sg. politieke en sosiale veronregting (kyk ook die bydrae oor "Die term Wokeism". Dit lei uiteindelik daartoe dat die samelewing op verskeie punte daarvan geradikaliseer word.

Dit is vanuit ons Christelike perspektief gesien, belangrik dat daar duidelikheid oor die filosofiese en lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunte van 'Wokeism' verkry word. Die Hoofbestuur het gevolglik besluit dat 'n konferensie oor die verskynsel van 'Wokeism' in 2025 gehou word. Die datum is vir 24 Mei bepaal en besonderhede sal op die sosiale media bekendgestel word. Enige navrae kan intussen gerig word aan hugo@vcho.co.za of per telefoon by 051- 525 2341/2267.

Vervolg van bl. 5: **Ons Christelike beskouing op die samelewing**

die verhouding tussen eenheid en veelheid in die vorm van 'n tabel aan die hand van die drie verskillende beskouings (p.216 en bygewerk met p.222). Sien Tabel 1.

Darrow Miller (2018:222) *We can find the proper balance between nationalism and multiculturalism in what I call moral nationalism, in which unity and diversity are both valued.*

Dus beteken dit dat die volkereverskeidenheid mooi is en dat daarom nie gepoog moet word om die verskeidenheid te vernietig nie. Dit beteken egter nie dat die volkeverskeidenheid star is en nie oor tyd verander nie. Dit moet eerder organies beskou word.

Tabel 1: Discipling Nations, Darrow Miller. Die verhouding tussen die Eenheid en die Veelheid

Fondasies vir gemeenskappe

	VEEL Universaliteit	EEN-VEEL Sowereiniteit in eie kring *holon*	EEN Individualiteit
DIE WAARDES	Uitwaards na ander	Van self na ander	Inwaards
	Ons alleen	Ons (Ek+Ons)	Ek alleen
	Gemeenskap eerste	Gemeenskap	Individu eerste
	Ander-gerig	God-gerig	Self-gerig
	Self-ontkening & afbrekend	Geheiligde selfbelang	Selfsug
	Afhanklik	Interafhanklik	Onafhanklik
	Paternalisme	Onvoldoende	Egoisme
	Groepregte	Persoonlike verantwoordelikheid	Individuele regte
	Boran stam	Die Kerk	Marlboro Man
	Oordrewe nasionalisme	Morele nasionalisme	Multi-kulturalisme
Einde	Tirannie	Geregtigheid & Vryheid	Anargie
	Ongeregtigheid	Geregtigheid	Chaose

Vervolg van bl. 13: **Bydrae oor die vestiging van CNO in die ZAR**

Die Christelike karakter, die nasionale inslag, ouerseggenskap en moedertaalonderrig is almal beginsels waarvoor die TO hom deurgaans beywer het. Een van die belangrike besluite van die 1982-kongres lui soos volg:

2.5 "*Die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser*. 'n Positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing, genormeer na die eise van Gods Woord, is onmisbaar vir elkeen wat as opvoeder meewerk aan die opvoedende onderwystaak van die Christelike skool en gesin."

word nie. Met die stigting van Christen Nasionalistiese Onderwysbeweging (CNO) het gemeentes van die drie susterskerke geld ingesamel in tye van groot armoede om te verseker dat kinders in hul moedertaal opgevoed kon word. Dit het as teenvoeter gedien vir die staatskole waar Milner se verengelsingsbeleid aan die orde van die dag was. Vanaf die einde van 1902 het ’n netwerk van hierdie CNO-skole in die Transvaal ontstaan. Teen 1904 was daar altesaam 172 CNO-skole, waarin 6958 kinders deur 286 onderwysers op ’n Christen-Nasionalistiese grondslag opgevoed is. In hedendaagse terme kan daar met groot dank verwys word na die BCVO-skole wat hierdie taak onder die huidige omstandighede in Suid-Afrika voortsit.

Die wending het gekom met die aanvang van die nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika. Vir die afgelope drie dekades word ons kinders nie meer geleer van die prestasies van hulle voorgeslagte nie, maar word die blink verlede van die Afrikaner gekriminaliseer tot op die punt waar ons vandag kultureel verarm geword het in ons onkunde van ons eie verlede. Daarom word kultuur vandag gesien as die luuksheid waaraan die elite kan deelneem en dat dit nie beskore is vir Jan Alleman nie. Dit kan egter nie verder van die waarheid af wees nie.

Die Afrikaner is begrond in Christelike nasionalisme en gebruik daardie beginsels as vaste bodem om vanuit voort te bou en uitnemendheid na te streef. Die opvoedingstaak onder in ons eie geledere is vandag groter as ooit. Die gedig Gietvorms van WA Watermeyer is veral weer van toepassing en kan aan ons opvoeders voorgedra word.

Gietvorms

Gietvorms van ons jeug, ons vra
dat julle skouers breed moet dra;

jul bou met meer as staal of steen,
ons volkswees wentel om jul heen…

Aan julle is daar mag gegee
bó die wat wet of vonnis smee:

mag van die liefde, mag van vrees,
mag oor die wording van die gees.

Bo die struktuur van been en bloed
staan jul gestaltes in die gloed

van ewigheid, wat om die mens
se innerlikste wese grens;

agter bewussyn van die brein
skemer die siel se teerder grein.

Wat julle wond, word nooit meer heel,
wat julle sterk, staan stoer verseël

teen ruk van elke later wind
om rigting teen die son te vind…

Gietvorms van ons jeug, ons vra
dat julle harte deernis dra;

jul bou met meer as staal of steen,
ons volkswees wentel om jul heen.

G.A. Watermeyer

Ons moet weer, soos die CNO van ouds, begin om ons jeug op te voed en in te lig oor die prestasies van hulle voorgeslagte. Dit sal weer die kulturele identiteit vasstel wat grondslag vind in die verlede, gebruike en veerkragtigheid van ’n volk wat homself onder verdrukking uit presteer het. As jy die kriminalisering van jou geskiedenis stilswyend toekyk sal jou kinders binnekort net kan leef onder die omstandighede wat die staat toeskryf met gedwonge Marxistiese beginsels, en nie meer Afrikaners wees waar rentmeersteskap en jou kultuuropdrag uit die Woord meer jou rigsnoer en onderbou sal wees nie.

Op 16 Desember vier duisende boere Geloftedag om die belofte wat hulle voorgeslagte aan God gemaak het na te kom. TLU SA streef trots daarna om die kultuuropdrag uit te voer wat in die Woord aan ons gegee word om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar. Dit is deel van die verantwoordelikheid wat elke landbouer moet aanvaar om suksesvol te kan boer, maar belangriker nog, om aan te hou selfs in moeilike omstandighede soos droogte. As aflêggers van die Gelofte moet ons egter besef dat daardie woorde ons geslag net so sterk aan die belofte gebind is as wat die kommando in die laer was. Want ons behoort die roem en die eer van elke oorwinning in ons lewens aan Hom te gee. Elke sonopkoms, elke reënbui, elke kalf of lammer en elke saailing word net deur Sy Genade aan ons geskenk.

Verklaring VCHO Ter Ondersteuning Van TLU SA Se Handves Vir Die Beskerming Van Privaat Eiendomsreg

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO, gestig 1949) het die aanslag op privaat eiendomsreg oor die afgelope drie dekades met kommer gevolg en sterk daarteen standpunt ingeneem. Die VCHO waarsku vir bykans veertig jaar teen die sosialistiese beleidsrigting van die ANC-Kommunistiese Alliansie in die algemeen en die vergrype teen aantasting van privaat eiendomsreg spesifiek. Die implementering van uitgediende kommunistiese beleidsrigtings het die Suid-Afrikaanse ekonomie dermate aangetas dat winsgewendheid, volhoubaarheid en die reg om in veiligheid te produseer, vir landbouers 'n groot uitdaging geword het. Voorts het die hele ekonomiese sfeer onder die aanslae van irrasionele sosialistiese beleidsfoefies gebuk gegaan. Die drywers van dié ideologiese mistastings het veral langs drie weë plaasgevind: Verstaatliking van die Suid-Afrikaanse ekonomie, aantasting van burgervryhede en staatsingrepe in bykans elke privaat sfeer in Suid-Afrika. Die gevolge van implementering van uitgediende ideologieë wat nog slegs in enkele magstate in die wêreld navolging geniet, gee blyke van die onvermoë van die ANC-Kommunistiese Alliansie om die dinamiek van 'n vrye markekonomie te begryp, ekonomiese vryheid aan te moedig en individuele verantwoordelikheid te bevorder. Dit is vir die VCHO verblydend om kennis te neem van TLU SA se Bybelse begronding van die beskerming van privaat eiendomsreg en die beskerming daarvan deur 'n vrye markfront teen staatsabsolutistiese praktyke en ideologieë tot stand te bring. Die VCHO verklaar hiermee sy onvoorwaardelike steun aan TLU SA se belydenis van die soewereiniteit van God Drie-enig oor elke lewensterrein, sy beskikking oor alles wat ons doen en die onfeilbare gesag van die Bybel as Woord van God. Saam met TLU SA glo die VCHO dat God ons roep tot sy diens om die aarde te bewerk en voedsel en vesel te produseer en aanvaar die opdrag om in ons vaderland te werk tot verheerliking van God. VCHO vat dus hande met TLU SA om persoonlike verantwoordelikheid in welvaartskepping te bevorder deur verantwoordelikheids-aanvaarding. VCHO verbind sy strukture, lede en personeel tot bevordeing van ekonomiese vooruitgang en die verantwoordelikhede om alle beskikbare hulpbronne te bestuur en as erfenis vir ons nageslag na te laat. VCHO wend alle middele aan in die stryd teen aantasting van privaat eiendomsreg, ondergrawing van die reg en vryheid om eiendom te bekom, om eiendom sonder voldoende vergoeding te ontneem en bevorder die reg om eiendom in vryheid te gebruik en daaroor te beskik. VCHO verklaar onomwonde sy verbondenheid tot aanwending van eiendom tot eer en verheerliking van God ter beheersing van die skepping.

15 November 2024

AWG Raath
Voorsitter VCHO

Hugo Hayes
Uitvoerende Beampte, VCHO

Finansiële bydraes aan VCHO: beroep op lede

Ons bring graag die volgende vir ons belangrike punte onder ons lede se aandag:

1. Inbetalings oor die toonbank

Ons bemerk dat daar lede is wat inbetalings as bydraes aan die VCHO oor die toonbank doen. Die bankkoste daaraan verbonde is besonder hoog. Volgens ons finansiële state van die afgelope jaar, word inbetalings in kontant oor die toonbank met hoë bankkoste belas. Op 'n bedrag van byvoorbeeld R50, die voorgestelde minimum jaarlikse bydrae aan VCHO, beloop die bankkoste in sodanige gevalle R45, wat beteken dat slegs R5 die VCHO toekom.

Ons wil ons lede in hierdie omstandighede aanmoedig – dié wat dit so kan doen – om waar moontlik, eerder elektroniese (EFT) inbetalings te doen. In hierdie geval is die bankkoste minimaal en ontvang die VCHO die grootste deel uit 'n bydrae van R50, as in voormelde gevalle. Daar word steeds voorkeur gegee aan die reël van 'n aftrekorder met die bank, in plaas van 'n debietorder.

Nuwe navorsingspublikasie wek groot belangstelling

'n Nuwe publikasie oor navorsing wat as 'n waardevolle toevoeging tot enige navorser se publikasiereeks beskou word, het in die loop van die jaar verskyn. Wat hierdie titel besonders maak is dat dit 'n benadering tot navorsing in die Reformatoriese tradisie bevat, waarvan daar nog min verskyn het. Hierdie boek, Navorsing – 'n Reformatoriese perspektief, het onlangs by die Vereniging vir Christelike Onderwys (VCHO) verskyn. Die skrywer is prof. JL (Hannes) van der Walt, emeritus-opvoedkundige van die Noordwes-Universiteit. Die winspunt van hierdie boek is dat dit betekenisvolle waarde toevoeg tot navorsing in die algemeen, maar dan ook tot Reformatoriese navorsing in die besonder. Dit is so opgestel dat dit nie slegs vir beginner-navorsers as hulpmiddel kan dien nie, maar ook deur ervare navorsers as 'n bondige naslaanwerk gebruik kan word.

Waar dit die VCHO se doelstrewe is om onder meer wetenskap in die Reformatoriese tradisie te bevorder en uit te bou, word die publikasie hiermee as ideale navorsingsbron bekendgestel.

Die volgende hoofkategorieë van navorsing word behandel:

- Die religieus-lewensbeskoulike rigting van 'n reformatoriese navorsingsplan.
- Die struktuur-elemente van 'n reformatoriese navorsingsplan.

T.o.v. die tweedegenoemde word ondermeer die stel van 'n navorsingsprobleem, teoriebou as die hart van wetenskapsbeoefening, die navorsingsontwerp, die navorsingstrategie, navorsingsmetodes ens. behandel. Dit word as 'n uitstekende hulpmiddel met die oog op nagraadse navorsing gesien.

Die skrywer, wat self 'n erkende navorser is, en uit wie se pen daar reeds verskeie boeke oor die opvoedingsfilosofie en meer as 240 artikels in nasionaal- en internasionaal-geakkrediteerde tydskrifte verskyn het, bevestig deur hierdie publikasie dat hyself die proses van navorsing bemeester het, in die lig waarvan die publikasie met vrymoedigheid aanbeveel word.

Verkrygbaar vanaf die VCHO teen R60 plus versendingskoste. Skakel +27 (0)51- 525 2341 of stuur 'n e-pos na hugo@vcho.co.za.



Vervolg van bl. 16: **Finansiële bydraes aan VCHO**

2. Bydraes van R15 en minder per jaar

Ons wil lede verder ook vriendelik vra dat, waar dit enigsins moontlik, bydraes van R15 en minder per jaar, na tussen minstens R20 en R30 per jaar te verhoog. Dit geld eenmalige bydraes per jaar of bydraes wat oor verskeie maande versprei word, waarvan die somtotaal op R15 of minder per jaar te staan kom. Wil u nie u jaarlikse bydrae na tussen minstens R20 en R30 verhoog nie?

Ons bedank graag weereens ons lede wat gereelde bydraes maak vir hulle gesindheid teenoor ons Vereniging.

75
2024

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys

Posbus 1824, Bloemfontein 9300

Magtiging t.o.v. Aftrekorder

Ek/Ons ..... (volle name en van)

magtig hiermee die volgende:

(Naam van Bank)

.....

.....

.....

om per afrekorder soos volg (merk u keuse met X):

per maand ☐

eenkeer per kwartaal ☐ gedurende .....

eenkeer per halfjaar ☐ gedurende .....

eenkeer per jaar ☐ gedurende .....

die bedrag van R ..... uit my rekening nr ..... oor te betaal in die onderstaande rekening:

VCHO

ABSA Bank, Loch Logan

Rekening nr: 470-910-011

Takkode: 632005

My adres: .....

.....

.....

.....

My e-posadres: ..... (indien beskikbaar)

My tel. nr/sel nr: .....

Geteken: .....

Datum: .....

Dien Aftrekorder persoonlik by u Bank in en e-pos asb. 'n afskrif aan: tillie@vcho.co.za

Bekendstelling van Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) is 'n privaat, Christelike hoëronderwysinstelling wat roepingsgedrewe studente oplei om die onderwysprofessie met kundigheid te betree. Onderwys in Suid-Afrika is 'n dinamiese veld wat heelwat uitdagings moet trotseer, wat onder andere 'n tekort aan onderwysers insluit. Aros wil graag studente toerus om 'n verskil in die onderwyslandskap te maak.

Aros se kampus is in Montanapark te Pretoria geleë. Hier geniet ongeveer 2 100 studente 'n unieke studentelewe. Hier gaan jy vriende maak, kollegas ontmoet en hard werk! Dis 'n fees om 'n Arrie te wees!

Aros maak van 'n uiters toeganklike afstandsonderrigmodel vir alle kurrikulums gebruik deur middel van 'n e-leerplatform. Hierdie platform staan as e-Klas bekend. Lesings word vooraf opgeneem, en lesingmateriaal word gedurende die week waarin die lesing geskeduleer is aanlyn opgelaai. Studente word verder deur middel van interaktiewe, aanlyn sessies ondersteun. Die afgelope jare het gewys dat Aros-studente gedurende hul studie tot selfstandige studente ontwikkel wat baie goed in die onderwysomgewing funksioneer.

Op 23 Januarie 2012 is die BEd in Grondslagfaseonderrig-kwalifikasie by Aros geregistreer en geakkrediteer, en sodoende het Aros 'n nuwe en dinamiese era betree. Die akkreditasie van die Diploma in Graad R-onderrig in 2015 en BEd in Intermediêre Fase-onderrig in 2016 het kort hierop gevolg. In 2020 het Aros akkreditasie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang om vanaf 2021 twee nuwe onderwyskwalifikasies aan te bied. Dit sluit die BEd in Senior Fase (SF) en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) asook die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) in Senior Fase (SF) en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) in. Tans bied Aros die volgende kwalifikasies aan:

- Hoër Sertifikaat in Onderwys
- BEd in Grondslagfase
- BEd in Intermediêre Fase
- BEd in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding
- Nagraadse Onderwyssertifikaat
- BEdHons in Leerondersteuning

Al die Aros-kurrikulums is op die patroon van die nuutste besinning en nadenke oor onderwysersopleiding in Suid-Afrika geskoei. In hierdie opsig beskik Aros dus oor 'n nuwe en eietydse program.

Die uniekheid van Aros se program lê in sy toewyding aan:

- **Christelike wetenskapsbeoefening:** Onderwysersopleiding word in 'n Bybelse opdrag en singewing gesetel. Onderwys is 'n gawe uit die hand van Christus, en hierdie uitgangspunt vorm die ruggraat van 'n waardegedrewe opleidingsprogram.
- **Beroepsgerigte opleiding:** Alles wat onderrig word, moet na die klassituasie in die onderwyspraktyk deurgevoer word. Aros-studente skakel minstens een dag per week by skole as deel van die amptelike opleidingsprogram in. Op hierdie wyse word verseker dat die opleiding werklik op die sinvolle onderrig van kinders in die klassituasie gerig is. Daar word ook van studente verwag om vanaf die derde kwartaal in die eerste jaar 'n meer gestruktureerde proeftydperk in hul tydperk van praktiese onderwys in 'n spesifieke graadklas te doen.
- **Innovasie en kwaliteit:** As privaat tersiêre onderwysinstelling streef Aros voortdurend daarna om innoverende onderwysersopleiding aan te bied. Voorts streef Aros ook daarna om hoë akademiese standaarde te handhaaf en uit te bou.
- **Roepingsgedrewe studente:** Studente word begelei om die onderwysberoep ten eerste as 'n roeping van die Here te ervaar en te aanvaar. Wanneer onderwys as 'n roeping gesien word, gee dit sin en betekenis aan die onderwysberoep. Suid-Afrika het goed opgeleide en goed gemotiveerde Christenonderwysers nodig. Sodoende kan geloof, hoop en liefde aan die volgende geslag oorgedra word, wat tot voorspoed en voordeel van die land sal strek. Aros-alumni beskik oor beroepsgerigte opleiding en leef hul Christelike waardes in die klaskamer uit. Hulle is hoog in aanvraag in privaat en openbare skole, asook in 'n verskeidenheid van ander opvoedkundige instellings.

Konferensie oor 'Wokeism'

Datum: 24 Mei 2025

Program

Tema:

'n Christelik-reformatoriese ondersoek na en standpuntstelling ten opsigte van die verskynsel van 'Wokeism' en die lewensbeskoulike en praktiese implikasies daarvan

Referente:

Francois van Deventer

Ds Dubois du Toit jr.

Dr Barend Hefer

Dr Adi Schlebusch

Aanbieding by wyse van elektroniese stroming.

09:00 Opening –

09:20 'n Kritiese bespreking van die wêreldwye manifestasies van 'Wokeism' in die algemeen – Francois van Deventer

10:00 Die filosofiese herkoms van 'Wokeism' en die gevolglike lewens- en wêreldbeskoulike uitwasse daarvan – ds Dubois du Toit

10:40 Die praktiese implikasies van die gewaande moraliteit van 'Wokeism' in die Suid-Afrikaanse samelewing – dr Barend Hefer

11:20 Ons Christelik-reformatoriese stryd vir die waarheid in die onderwys – dr Adi Schlebusch

12:00 Bespreking en Vraetyd

Bedankings

Sluiting

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath en Prof D.F.M. Strauss.

HOOFBESTUUR:
Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), dr JA Schlebusch (Lichtenburg) mnr F van Deventer (Pretoria) en mnr P Bisschoff (Orania).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein, 9300/9301

Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za